

ERF EIENAARS / BOUKONTRAKTEURS

Lees asseblief hierdie kennisgewing voordat u met enige bouwerkzaamhede op 'n bouperseel begin en vergewis uself van wat van u verwag word.!!!

- 1) Sorg dat daar te alle tye 'n **netjiese** toilet op die bouperseel is. Geen emmertollette sal meer aanvaar word nie. Slegs Chemiese toilette word toegelaat of 'n toilet wat direk op die riool of rioolgat gekoppel is. Sorg asseblief dat die toilet 'n netjiese deur het en plaas dit so dat dit so min moontlik aanstoot sal gee aan die omliggende erfeienaars. **'n Toilet moet reeds op die terrein wees wanneer fondasies gegrawe word.** 'n Onhegiëniese en onnet toilet sal nie meer geduld word nie. Geen fondasieinspeksie sal gedoen word as daar nie 'n geskikte toilet op die terrein is nie!!
- 2) Maak seker dat alle **erfpenne** teenwoordig en sigbaar is. Indien penne nie gevind kan word nie, raadpleeg 'n Landmeter vir hulp. Dit bly die eienaar se verantwoordelikheid om die erfpenne uit te wys. Indien foutiewe penne uitgewys word sal dit die eienaar se verantwoordelikheid bly. **Geen** fondasieinspeksie sal gedoen word as die erfpenne nie uitgewys kan word nie.
- 3) Die **inspeksieboekie** wat die bouplan vergesel moet tydens die onderskeie inspeksies **op die terrein wees** vir ondertekening.
- 4) Wanneer u 'n nuwe woonhuis bou, maak seker dat die gebou by die NHBC "National Home Builders Registration Council" geregistreer is. U kan die volgende nommer skakel vir meer informasie. Telefoonnommer 082 567 1461 of 021 914 4318.
- 5) **Geen bouwerkzaamhede** of die stoor van **boumateriaal of bourommel** mag buite die betrokke erfgrêns sonder die Raad se toestemming geskied nie.
- 6) **Enige wysiging** op die goedgekeurde bouplan moet aan die Bouinspekteur rapporteer word en die nodige gewysigde bouplanne moet voorgelê word. **Geen Okkupasiesertifikaat** sal uitgereik word voordat die bouplanne op ons rekords nie met die geboue op terrein ooreenstem nie. Rioolplanne word hierby ingesluit.
- 7) Voorsien asseblief 'n houer op terrein vir leë sementsakke en enige ander papiere en blikke wat ons bouterreine onnodig onnet laat.
- 8) Indien enige skade aan Raadseiendom aangerig word tydens die bouproses sal die beskadigingsdeposito verbeur word en indien die herstelkoste meer kos as die deposito-bedrag sal die tekort van die **eienaar** verhaal word.
- 9) Die beskadigingsdeposito word normaalweg terugbetaal saam met die versoek vir die uitreiking van 'n Okkupasiesertifikaat.
- 10) Geen nuwe bouwerk, hetsy nuwe huise of aanbouings **mag geokkupeer** word alvorens 'n Okkupasiesertifikaat uitgereik is nie. Die eienaar is verantwoordelik om vir 'n Okkupasiesertifikaat aan te vra en moet so 'n sertifikaat binne 14 dae na so 'n versoek uitgereik word.

Bogenoemde punte word gerugsteun deur die Nasionale bouregulasies, is afdwingbaar en by versuim om te voldoen strafbaar.

U samewerking word waardeer.

BOUBEHEERBEAMPTTE